

Voorbeeld van 'n testament

Ek die ondergetekende

Phillip de Villiers

(551031 0009 085)

maak hiermee my testament as volg:

1 HERROEPINGS KLOUSULE

Ek herroep hiermee alle vorige testamente, kodusille en/of ander testamentêre aktes deur my voor die datum hiervan gemaak, hetsy gesamentlik en/of afsonderlik.

2 EKSEKUTEURS AANSTELLING

Ek benoem as eksekuteur van my testament en beredderaar van my boedel, Ista Prinsloo met die mag van assumpsie. Ek bepaal dat my eksekuteurs of hulle aangewese amptenare, vrygestel sal wees van enige verpligting tot sekerheidstelling aan die Meester van die Hooggeregshof.

3 HUWELIKSKLOUSULE

Ek bepaal dat enige erfenis ingevolge hierdie testament asook die opbrengs daarvan, die herbelegging van die opbrengs, en die inkomste daarop nie vir die skulde van enige gade van so 'n erfgenaam in beslag geneem sal kan word nie, en nie deel uitmaak van enige insolvente boedel van so 'n erfgenaam se gade nie, en verder vry sal wees van die regsgevolge, insluitende enige aanwasbedeling, van enige huidige en/of toekomstige huwelik binne- of buite gemeenskap van goedere.

4 ART 4A KORTING

Indien die eksekuteur van hierdie boedel sou vind dat die som van alle bemakings aan enige erfgenaam of persoon, insluitend 'n trust, maatskappy of welke regsliggaam ook al, behalwe 'n langslewende gade, minder is as die toelaatbare vrygestelde bedrag in terme van art. 4A van die boedelbelastingwet, word die verskil tussen die waarde van die erflating en die waarde van art 4A aan 'n trust bemaak met dieselfde magte en pligte aan my trustees soos vervat in die ingeslote trustbepalings.

5 STAAKSGEWYSE ERFENIS

Indien enige erfgenaam wat kragtens hierdie testament sou erf, my vooroorly of sou sterf voor die beëindiging van hierdie trust, dan sal sodanige erfgenaam se erfenis/belange of belange wat hy/sy sou verkry het indien hy/sy dan nog in lewe was, aan die oorlede erfgenaam se wettige afstammeling staaksgewys vererf in gelyke dele.

6 LAASTE WENSE EN BEMAKINGS

Dit is my uitdruklike wens om 'n woord van dank uit te spreek teenoor my kinders wat my lewe vir my draagliker en gemakliker gemaak het deur van hulle eiendom in die vorm van allerlei gebruiksitems aan my beskikbaar te stel vir my persoonlike gebruik tot my afsterwe.

Dit is dan ook my wens dat my dogter Philna van Niekerk née De Villiers, ID 9910150161084 die gebruiksitems hierbo vermeld kan verdeel soos sy goeddink na my afsterwe.

Ek bemaak aan my seun Frederik de Villiers ID 9808235058080 my hele boedel nadat begrafniskostes gedek is.

7 AFSLUITINGSKLOUSULE

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te _____ op die _____ dag van _____ 20____, in die teenwoordigheid van ondergetekende getuies, wat in my teenwoordigheid en in die teenwoordigheid van mekaar hierdie testament as getuies onderteken het.

AS GETUIES:

1. _____

ID-nommer _____

2. _____

ID-nommer _____

TESTATRISE

Phillip de Villiers

ID-nommer _____